

Tambotie

Newsletter of the Woodworking Association of Pretoria

Augustus

1999

August

Iets van Alles

'n Naweek of wat terug het Ma en ek die **DesignEx '99** tuinuitstalling by die Safari Tuinsentrum besoek. Van Suid Afrika se vooraanstaande landskap ontwerpers het deelgeneem om mini-tuine volgens 'n spesifieke tema uit te lê.

Dit was mooi en interessant en begeerlik. Daar was onder andere 'n spesery-tuin, 'n millenium tuin, tropiese, Italiaanse, Japanse en water tuine. Daar was natuurlik ook baie waterfonteine, spuitfonteine en besproeiingsstelsels te sien. Maar, dit kos geld!

Wat my veral geïnteresseer en beïndruk het was die vindingryke manier waarop hout gebruik is om baie van die uitstallings met daardie iets ekstra te voorsien, meer afgerond te laat vertoon. Traliewerk saam met houtpilare is gebruik om buiterande te vorm, om deurgange en afskortings te maak en so meer. Daar was houtbruggies oor kunsmatige stroompies, hout tuinbanke, Pergolas, voelbakke, houtskywe tussen ronde wit klippies en baie meer.

Die traliewerk is vervaardig uit onafgewerkte latte, so 5-6mm dik en 20mm wyd en met kramme aan 'n raam vasgeskiet. Dit het ook verskillende vorms en patrone aangeneem.

In retrospek is dit meskien tog nie so duur om 'n soortgelyke tema-tuintjie iewers in jou tuin te vestig nie. Die houtwerk verbonde aan so 'n projek (en dis mos nou ons afdeling) kan nie so duur kos en moeilik wees om te maak nie en dit behoort nogal 'n

interessante en uitdagende verandering te wees. Die blomme, plante en struikema se afdeling) is wat die meeste van ons maar jaarliks aanplant of saai. Al wat dit kos is 'n tema en 'n bietjie verbeelding.

'n Moontlike projek vir die lente?

My buurman se seun is besig om vir hom 'n biljard-kierie te maak uit *Kanadese Maple* met 'n *Umbuia* greep. Ek moes hom onder andere help om die hout vierkantig te skaaf asook die saag van die V-voeg om die greep aan die skag te las. Die res van die afwerking doen hy met 'n spekskaaf en vyle. Die jongman het geen agtergrond van houtwerk nie, maar die entoesiasme en wil is daar en dit vorder goed. Vir so iemand help ek graag. Moet net kort-kort vir hom sê om breek aan te draai - wil mos die kierie in een dag klaar maak.

Dan is ek ook besig om vir 'n ortopeed 'n voëlhok te maak - 2000 x 800 x 800. Dit het twee deure en moet ook onder 'n uittrek tjortspaat bevat. Basies bestaan dit uit vier rame wat aanmekaar vasgebout word. Die voëldraad word in sponnings aan die binnekant vasgekram (Okkie het my hier gehelp). Kleiner rame word bo en onder ingelaat en vasgeskroef.

Dis nie 'n moeilike projek nie, maar akkurate uitmerk en saag is noodsaaklik om alles reghoekig te hou. Ek het besluit om vurktap voë (bridle joint) te gebruik wat ek op die bandsaag gesny het. Die T-vurktapvoë van die middel horisontale reelings het ek met 'n setmaat en die router gesny. Vir hierdie tipe konstruksie is dit sterk voë aangesien dit groot lym oppervlaktes bied. Dit vertoon ook mooi. Vir my was dit iets anders en

het ek die maak daarvan geniet.

Stadig maar seker kom die verborge talente van van ons lede na vore. Vat nou maar die afgelope Projek Plank. Len Scott is besig om homself te vestig as 'n Tambotie-ekspert en maker van tradisionele meubels. Jack Munting se draaiwerk beïndruk elke jaar meer en meer. En dan is daar Keith Jones wat op sy stil-stil manier meubels en draaiwerk van hoë kwaliteit vervaardig. Almal beskeie manne wat nie baie oor hulle werk en kennis praat nie.

So glo ek is daar nog baie ander wie se talente nog nie sigbaar gemaak is nie.

Groetnis tot volgende keer.

Waal

Volgende Vergadering

Ons kom weer Woensdag 25 Augustus 1999 by Eldoraïne Hoërskool bymekaar.

Dit belooft om 'n baie interessante aand te wees met ons goeie vriend, **Kobus de Wijn**, wat die **Woodrat** gaan demonstreer. Hierdie is 'n baie veelsydige en akkurate stukkie gereedskap, (of is dit nou 'n setmaat?), wat saam met die router gebruik word en met vele toepassingsmoontlikhede.

Fanie le Hanie sal ook gesels oor die reeks router snyers wat hy invoer. Daar sal voorbeelde wees waarna julle kan kyk en bestellings sal ook die aand geneem word.

Previous Meeting

A very nice turnout of more than 50 members attended our last meeting at *Builders Warehouse*, Atterbury Mall. Quite a large and impressive shop this, with a wide selection of goodies.

A warm welcome was extended to the following visitors: Willie de Wet, Johan Potgieter, Apie Breedt en Daan Naude, all from Pietersburg. Also Gert Murray, Nick Noeth and Marius van Balkum.

Chris informed members that the planning for our annual exhibition/fun day is running smoothly and that a large number of firms have indicated that they would like to exhibit their products during the day. The date has been confirmed as **Saturday 13 November 1999**. Members should however take note that all items will be judged on the Friday evening.

Apart from the exhibits there will be various tool and technique demonstrations. Members interested in a free indoor stand to display and sell their products should contact Chris Serfontein ASP. More details of this coming event will be published in the October issue of *Tambotie*.

Projek Plank

Dit lyk vir my asof Projek Plank nou finaal sy inslag as 'n instelling en jaarlikse hoogtepunt gevestig het. As die produkte van die 16 manne wat deelgeneem het enigsinds 'n aanduiding is van die standaard van vakmanskap in die Vereniging, dan het ons baie rede om trots te wees.

Soos te wagte was die items uiteenlopend van aard en het dit gewissel van 'n olifantpoot koffietafel tot 'n miniatuur slagtersblok. Almal het 'n hoë standaard van tegniese vaardigheid weerspieël.

Deelnemers het elkeen die geleentheid gehad om kortliks oor hulle projek te praat en dit was vir my interessant om te hoor hoeveel manne die *Woodoc*-reeks produkte in hulle afwerking gebruik het. Hierna is die items besigtig en het aanwesiges hulle keuses uitgeoefen.

Len Scott, met sy pragtige *Tambotie* muurhorlosie het met die eerste prys weggeloop, terwyl **At Smit** met sy "sexy houtskroef" die tweede prys ingepalm het. **Jack Munting** was derde met 'n reeks pragtige draaistukke uit *Wit-Els*. Mooi gedoen manne!

Ek was persoonlik baie beïndruk met **Keith Jones** se uitstekende gedraaide bord en staander uit *Umbuia* en dan ook die oorspronklikheid van AAAA se kolekteborde en Fred se mantelhorlosie. Ons behoort dan ook, soos Jack tereg opgemerk het, dankbaar te wees vir die talente wat ons ontvang het en dit met vrug gebruik.

Al die Projek Plank-items sal weer tydens die uitstalling gesien kan word.

Many thanks to **Builders Warehouse** for having us at their premises.

Draaiers Swoeg met Bas


Verslag deur Jack Munting

Nege draaiers het weer by Eldoraigie Hoerskool vergader saam met 'n baie welkome besoeker van Pietersburg, Willie de Wet.

Die projek vir Julie was 'n "basrand" gedraaide bak (natural edge bowl). Enige beter voorstelle? 'n Natuurlike rand klink bietjie lomp. Vir die wat nie weet nie is 'n basrand 'n bak waarvan die rand nie glad of egalig gedraai word nie, maar die natuurlike fatsoen van die stomp se bas behou. Dit kan 'n baie oorspronklike, buitengewone en aantreklike voorkoms gee.

Several articles were turned and once again solutions to problems were discussed. These included chucking for a natural edge, turning a close form (where the opening is narrower than the diameter of the bowl), the development of cracks with the use of wet wood and finishing. Possible solutions to chucking and turning techniques were discussed.

Aangesien daar nie eintlik rede is om slaafs aan ons skedule te hou nie, is daar besluit dat ons vir Augustus weer 'n basrandbak sal draai en sodoende die geleentheid skep om van die oplossings uit te toets.



Dit was ook uitdruklik gestel dat die item in die volgende vier weke gedraai moet word en dat ons nie met iets wat 'n paar maande of jare gelede gedraai is tevoorskyn moet kom nie.

So in die loop van die bespreking het ons besoeker uit die Noorde genoem dat hy onlangs iets uit *umbuia* gedraai het en daarna vir 'n paar dae geweldige probleme met lopende oë en neus en 'n vreeslike sensiwiteit van die vel van sy gesig en hande moes verduur. Dit het blykbaar ook weer gebeur toe hy met *rooshout* gewerk het, maar nog nie met ander houtsoorte nie. So 'n allergie is natuurlik 'n geweldige nadeel vir draaiers veral, maar ook vir ander houtwerkers. Dit het my herinner aan 'n artikel wat ek eens gelees het dat in Duitsland dit nou verbode is om met *umbuia* in meubelfabriek te werk weens die giftigheid van die hout. Ons inheemse *stinkhout* is verwant aan *umbuia*: *stinkhout* se wetenskaplike naam is *Ocotea bullata* en die van *umbuia*, *Ocotea porosa*. Dus is hulle eners genoeg om in dieselfde genus geklassifiseer te word.

I have also experience allergic problems with certain woods and try to make a point of wearing a dust mask, however uncomfortable, when sanding. It is perhaps worth mentioning here that an allergy is something which one can develop to almost anything. Because someone is not allergic to wood dust today does not mean that he will not be allergic to it in a month or year's time. I recall many years ago when I was working for the Department of Agricultural Technical Services, a colleague of mine developed an allergy to scale insects (dopluis). He had to breed them for certain experimental purposes and after a year or two without any problem, found one day that whenever he went into the breeding room he developed serious asthma and had difficulty breathing, so much so that the experimental work had to be terminated. It is therefore not wise for turners to poo-poo the dust problem.

As gevolg van die behoefte aan praktiese oefening en demonstrasie het At weer goedgunstiglik aangebied dat ons volgende keer by hom kan bymekaar kom. Almal bring so ietsie om te eet en te drink wat ons dan onder mekaar kan deel.

Tambotie
PO Box 50993, Wierda
Park, 00149
Tel & Fax 654-5785
E-mail tambotie@mweb.co.za

Making a Tack Cloth

Reproduced with due acknowledgement to the Woodcraftsman Association of Durban (June 1999 Newsletter)

A tack cloth is used to remove sawdust on a wooden item after each sanding during the process of finishing the wood.

1. The best material is a piece of finely woven cheese cloth or cotton sheeting about 600mm square, hemmed to prevent fraying.
2. It must be washed in several changes of tepid water and wrung out slightly to prevent dripping.
3. Apply pure turpentine to moisten the cloth and shake it out loosely.
4. Sprinkle varnish freely over the cloth.
5. Fold all edges to the centre and twist it into a tight roll to force out the water and spread the varnish and turps, saturating the fibres.
6. Refold the cloth and wring it as tightly as possible. Unfold the cloth and wave it in the air a little and refold it, being sure the raw edges are turned inward to prevent threads from unraveling.
7. Enough varnish should be used to make the cloth quite yellow and it should be sticky enough to pick up dust but dry enough to deposit moisture.
8. A tack cloth, when properly cared for should last indefinitely, but should never be allowed to dry out, even for a few minutes.
9. Occasionally unfold and sprinkle with a few drops of water and turps, refold and wring out. With this treatment, the tack cloth will improve with age, and keep soft and flexible. Follow this process before storing as well.
10. Store the cloth in a glass jar sealed with rubber washer and plastic lid. Don't store in a tin as the water in the rag will rust the metal.

Clamping & how to go about it

Continuing on the 'pressure fan' discussed last month, we take a look at the finer points of glueing-up as discussed by Ian Kirby in the June issue of American Woodworker.

The key to a calm and successful glue-up is rehearsing the whole thing dry. Clear your bench or assembly table and have all the clamps, clamping pads, try squares etc close to hand. Fit the parts together, assuming of course that you have thought through the sequence you are going to follow. Decide on the positioning of clamps and adjust them (remember the pads).

Clamp up the parts and check for the following:

A. Check that the joint has closed

What you see now is what you will get when glue is added. Now is the time to correct any problems.

B. Check for alignment

For leg-rail-assemblies use a straight edge to align the outer surfaces of the legs. Use clamping pads the same thickness as the rail and move them up or down to align the legs faces. With panels use a straight edge and your finger tips to check across the joint.

C. Check for twist

Press one side of the assembly down on the bench, sight across it, and see if it rocks. Loosen the clamps and push the parts into the same plane. With panels push the boards down flat on the clamping bars.

D. Check for square

For boxes and leg-rail assemblies. Measure both inside and outside diagonals. Move clamps to get the assembly square.

Once you're satisfied, remove the clamps, take the assembly apart and start spreading the glue. Follow the same sequence as for the dry run and carry out the four checks as you go along. Kirby suggests wetting (glueing) one surface only for edge joints and veneering, and both surfaces for sliding joints like dovetails and M&T joints.

For Sale

Lionel Soekoe, from the Witwatersrand Woodworkers Association, is selling the following:

Kity 619 Circular saw complete with all accessories. 1998 model.

R 15,195.00

Kity Lathe 664 with extras.

R 6 500.00

Kity 637 Planer thicknesser with 4 sets planer blades, mortising attachment and bits.

R 11,569.00

Lionel can be contacted at:

Home: 011-802-3046

Work: 011-453-8306

Willie de Wet het 'n Woodrat met ekstras wat hy wil verkoop. Soos nuut. R 2900.00. Sy nommer is 015-2953316.

Makita 9 1/4" circular saw in very good condition. R 1300.00. Contact Mike at 082-345-9753

From the Press

Practical Woodworking: Vol 34 No 7

Routing: Jeremy Broun discusses cutters for routing edges and profiles and explains making of the rule joint.

Turning: Improved chucking methods.

Veneering: Jim Kingshott discusses hammer veneering.

Traditional Woodworking: Jul 99

Furniture: Trestle foot table (gate leg?)

Tools: Make your own marking knives.

Turners gather in Johannesburg

Turners from all over the country will be converging on Johannesburg for the annual congress of the Association of Woodturners of South Africa (AWSA) taking place from Friday 24 to Sunday 26 September.

The Congress is being hosted by the Witwatersrand Woodworkers Association assisted by some of our turners.

This is a prestigious event with exhibits from top SA turners, demonstrations, lectures etc. Our own turners will also be displaying their work on the Instant Gallery.

It will be worth your while to visit this event to see at first hand the quality and standard of work produced by SA turners.

Contact At Smit or Roger Courtney for further particulars.

Ontwerp ~ Deel 3

In hierdie, die finale deel van die reeks oor die basiese beginsels van ontwerp, kyk ons kortliks na die laaste twee beginsels en gee ons ook 'n diagramatiese voorstelling van 'n ontwerpproses.

Materiale

Die keuse van materiaal sal bepaal word deur die gebruik van die artikel, duursaamheid, ekonomiese oorwegings en afwerking wat beoog word. In baie gevalle sal dieselfde of soortgelyke houtsoort gebruik word as die van die ander meubels in die vertrek waarin dit geplaas gaan word.

Konstruksie

'n Goeie kennis van voee en basiese metodes van konstruksie is nodig om ontwerpprobleme ten beste op te los. Funksionaliteit, voorkoms en materiale is bepalende faktore by die keuse van 'n spesifieke voeg of konstruksie. Saamgeperste hout en ander houtprodukte noodsaak eiesoortige konstruksie.

DIAGRAMATIESE VOORSTELLING VAN 'N ONTWERPPROSEDURE/PROSES

1. Doel (formulering van die probleem)
Beskryf die gebruikswaarde of funksies van die beoogde werkstuk - waar, hoe, waarom, waarvoor en deur wie sal dit

2. Navorsing
Versamel inligting oor

Funksionaliteit	Voorkoms	Konstruksie	Materiale
Ergonomie	eenheid/eenvoud	soorte, metodes	onderdele
Materiale	verhouding	en tegnieke	geheel
Konstruksie	styl en versiering		
Afwerking	afwerking		

3. Sketswerk
Verwerk inligting in voorlopige sketse

4. Finale sketse (oplossing)

5. Werktekeninge (skaal)
Vooraansig, (deursnee) linkeraansig, bo-aansig en dele uitmekaargetrek

6. Skaalmodel
Van laaghout, karton, polistereen

7. Hoeveelheid-/snyslys

Naam van onderdeel	Hoeveelheid	Afmetings	Soort materiaal
--------------------	-------------	-----------	-----------------

8. Werkbeplanning

Naam/No van onderdeel datum	Werkprosedure	Beplande datum	Werklike
-----------------------------	---------------	----------------	----------